

## Die genadeverbond met Adam (3) (OP129)

Gen 3:22-24

14 Mei 2023

Vandag wil ek vir 'n laaste keer stilstaan by die Here God se verbond met Adam na die sondeval. Gedurende die afgelope twee weke het ons gesien dat die Here God die duiwel, Adam en Eva geoordeel het na die sondeval, maar dat Sy oordeel ook die oprigting van 'n verbond met Adam ingesluit het. As die Here God oor die duiwel oordeel, stel Hy in Sy genade ook vyandskap tussen Eva en die slang, asook tussen haar nageslag en sy nageslag. Die Here God beloof ook dat Een uit die nageslag van die vrou sal kom wat die duiwel sal oorwin. As die Here God oor die vrou oordeel, is daar ook genade ter sprake: sy sal steeds swangerskappe beleef, maar die Here God se oordeel is dat dit swaar sal wees, en boonop sal sy na haar man begeer, maar hy sal oor haar heers. As die Here God oor die mens oordeel is daar weereens genade ter sprake: die mens sal steeds werk om kos te produseer om van te leef, maar die Here God se oordeel is dat dit swaar sal gaan en boonop gaan die mens ook fisies sterf. Genadiglik lees ons dat Adam kennis geneem het van die Here God se genade en dat daar steeds hoop is op lewe – soveel so hy noem sy vrou Eva, wat “lewe” beteken. Boonop gee die Here God ook aan die mens en sy vrou velklere, en Hy trek dit vir hulle aan. Uit die res van die Skrif word dit duidelik dat hierdie velklere vooruit wys na die werk van die ware Paaslam in wie se bloed die velklere wit gewas sal word, en wat die Heilige Gees vir gelowiges sal aantrek, sodat hulle met helder fyn, wit linneklere aan die bruilof van die Lam sal mag gaan aansit.

Vandag wil ek by twee onderwerpe stilstaan. In die eerste plek gaan ons kyk na die betekenis van die feit dat die Here God die mens uit die tuin van Eden weggestuur het (Gen 3:22-24), en in die tweede plek wil ek 'n paar samevattende opmerkings maak oor die verbond met Adam in vergelyking met die skeppingsverbond waarna ons vroeër gekyk het toe ons Gen 1 en 2 oordink het.

### Die Here God het die mens uit die tuin van Eden weggestuur (Gen 3:22-24)

Lees Gen 3:22-24. In Gen 3:22 lees ons dat die Here God sê: die mens het nou soos een van Ons geword deur goed en kwaad te ken. In Gen 3:5 het ons gesien dat dit een van die argumente van die duiwel was waarmee hy Eva verlei het. Nou, ons het al in vorige preke hieroor besin. Ons het gesien dat Adam en Eva voor die sondeval alreeds God se goedheid beleef het – hulle het dus ervaringskennis gehad van goedheid. Na die sondeval, het hulle egter ook ervaringskennis van kwaad doen – op hierdie oomblik het hulle onder andere beleef dat die gevolg van kwaad doen is dat die Here God jou oordeel. Daarteenoor, beskik die Here God natuurlik oor alle kennis – definitief oor kennis van wat goed is, maar ook kennis oor wat kwaad en sleg is – trouens, dit is die Here God wat definieer wat goed en kwaad is. Die verskil tussen die kennis van die Here God en die mens is egter dat die mens ervaringskennis het van kwaad doen, terwyl die Here God dit nie het nie.

Vers 22 gaan dan voort en sê dat die Here God ook gesê het dat die mens nou net nie sy hand moet uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en vir altyd bly lewe nie. In Gen 2:16-17 het ons geleer van twee spesiale bome in die tuin van Eden. Een is die boom van kennis van goed en kwaad, waarvoor ons al heelwat gepraat het – van hierdie boom mog hulle nie eet nie, en die dag as hulle daarvan sou eet, sou hulle beslis sterf. Maar daar was ook die boom van die lewe. En dit blyk dat hulle wel van hierdie boom mog eet. Trouens, dit blyk nou uit vers 22 hier in Gen 3, dat as hulle daarvan sou eet, sou hulle vir ewig bly lewe het. Laasweek het ons daarvoor besin dat as Adam en Eva nie in sonde geval het nie, maar getrou aan hulle skeppingsopdragte gewerk het, sou hulle eventueel hierdie opdragte suksesvol voltooi het, en dan sou hulle die rus waarna die sewende dag wys, ontvang het. Daardie rus sou dieselfde rus wees as die rus waarna ons as gelowiges ook uitsien om

te ontvang, die dag wanneer ons sterf. Maar Adam en Eva sou dit ontvang het sonder om te sterf – hulle sou waarskynlik dan verheerlikte liggame ontvang het, en vir ewig saam met God gelewe het. Immers beskryf Joh 17:3 die ewige lewe as volg: Die ewige lewe is om God, die enigste ware God, te ken. Onthou hoe ons in Gen 3:8 lees van die Here God wat hulle kom besoek het in die tuin – daar was besondere gemeenskap wat Adam en Eva met God gehad het voor die sondeval. Ons kan dus aflei, dat soos wat Adam en Eva getrou hulle opdragte uitgevoer het, kon hulle gereeld eet van die boom van die lewe, hulle sou ook besondere gemeenskap met die Here God gehad het en Hom waarlik leer ken het – en by die afhandeling van hulle skeppingsopdragte sou hulle oorgegaan het na die ewigheid waar hulle kon rus van die uitvoer van hierdie opdragte en fokus op die verheerliking van God.

Maar intussen was hulle nou wel ongehoorsaam, en het wel geëet van die boom waarvan hulle nie mog eet nie. En sopas het die Here God geoordeel hulle gaan sterf – selfs fisies sterf. Maar onthou nou – dit is juis wanneer ‘n gelowige sterf, dat hy oorgaan na die ewigheid. As die Here God nou voorkom dat die mens na die sondeval van die boom van die lewe eet, voorkom Hy dat die mens vir ewig bly lewe in sy gevalle toestand. Nee, die fisiese dood word die bevryding van die gevalle, tydelike en verganklike staat van die mens. Dit word die punt waar hy hiervan verlos word en nie vir ewig in hierdie sondegevalle staat hoef te bly nie. Daar is genade in dat die mens nie meer toegang het tot die boom van die lewe nie – wel ten minste nie vir die afsienbare toekoms nie. In Op 22:1-2 lees ons dat die boom van die lewe wel in die nuwe Jeruslaem sal wees, en dat hy wel langs die rivier van die lewe sal staan, en dat hy twaalf maal per jaar vrugte sal dra. Dan sal die gelowige wel weer toegang hê tot die boom van die lewe. Maar voor dit kan realiseer, is daar eers heelwat ander dinge wat moet gebeur. En intussen wil die Here God voorkom dat die mens nie vir altyd in sy sondegevalle staat bly nie – en daarom voorkom Hy dat die mens van die boom van die lewe kan eet.

Gen 3:23 sê die Here God het toe die mens uit die tuin van Eden weggestuur om die grond waaruit die mens geneem is, te gaan bewerk. Let op: die mens moet steeds die grond gaan bewerk – soos wat die opdrag van die begin af was. Let ook op: dit is die grond waaruit die mens gemaak is, en is ook die grond waarna hy gaan terugkeer as hy sterf. Die mens moet steeds die werk gaan doen waarmee hy so traag was, en hy moet hiermee besig wees tot hy sterf – dit sal nou net swaarder wees siende dat hy nie meer in die tuin woon nie. Gevolglik is daar ook nou afstand tussen die mens en die Here God – dit was juis in die tuin wat hulle gemeenskap met Hom gehad het. Boonop leer vers 24 ook nog dat daar gerubs met ‘n flikkerende swaard opgestel was aan die oostekant van die tuin van Eden, waar die ingang na die tuin was. Die doel met hierdie gerubs was juis om toegang vir die mens tot die boom van die lewe te voorkom.

Kom ons besin vir ‘n oomblik oor die gerubs: ‘n Gerub is ‘n senior engel. Ons lees op verskeie plekke in die Bybel van gerubs. Dink maar aan daardie visioen wat Esegïël gesien het van God se troon waar die vier lewende wesens, oftewel vier gerubs, so prominent figureer (Eseg 1:5, 10:15). Of dink aan die vier lewende wesens, oftewel gerubs, rondom God se troon in die hemelse troonvisioen wat Johannes in Op 4 sien. In Eks 36:35 lees ons dat daar gerubs geborduur was op die voorhangsel tussen die Heilige en die Allerheiligste in die tabernakel. Boonop lees ons in Eks 37:7-9 dat daar bo-op die versoendeksel wat bo-op die verbondsark gelê het in die Allerheiligste ook gerubs was. Hulle het na mekaar en af na die versoendeksel gekyk, met hulle vlerke voor hulle uitgesprei. Ons kry die indruk dat die gerubs juis die heerlikheid en die heiligheid van God beskerm. In Eseg 10:19 lees ons byvoorbeeld dat die heerlikheid van die God van Israel bo die gerubs was. In Op 4 is hulle rondom die troon van God, die gerubs op die voorhangsel het juis die toegang tot die Allerheiligste bewaak waar niemand behalwe die hoëpriester mog ingaan nie. Die heerlikheid van God het juis tussen die

gerubs op die versoendeksel in die Allerheiligste verskyn wanneer dit die tabernakel gevul het. Daarom is ons nie verbaas om te lees dat daar gerubs by die ingang na die tuin van Eden opgestel is om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak nie: 'n sondegevalle mens kan nie maar sondermeer toegang tot die boom hê nie.

Kom ons dink in nog bietjie meer detail oor wat hier gebeur: Onthou toe ons in Gen 2 na die tuin van Eden gekyk het, het ons gesien dat die tuin die eerste tempel was. Ons het gesien dat daar sterk ooreenkomste was tussen die tuin van Eden en veral die Heilige van die latere tabernakel wat die volk moes oprig. Ons het gesien die boom van die lewe herinner aan die kandelaar in die Heilige wat lig moes gee, die boom van kennis van goed en kwaad herinner aan die wet wat in die verbondsark gebêre is, die riviere in die tuin en wat vanuit die tuin vloei wys na die water van die lewe, soortgelyk aan die toonbrode in die Heilige wat na die brood van die lewe wys. Daar was goud in Eden, terwyl alles in die Heilige met goud oorgetrek was. Daar was oniks in die tuin, terwyl die hoëpriester oniksstene op sy skouers gedra het. Daar was balsem in Eden, terwyl balsem gebruik is in die salfolie vir die priesters asook in die wierookoffers wat in die Heilige gebring is. Boonop moes Adam en Eva die tuin bewerk en bewaak, terwyl die priesters die heiligdom moes bewerk en bewaak. Verder was beide die tuin en die tabernakel die ontmoetingsplek tussen God en die mense.

Onthou verder dat toegang tot die Heilige beperk was tot die priesters wat gesalf en rein was. Dink verder aan Jesus wat die tempel gereinig het – in Joh 2:13 ev lees ons dat Hy die geldwisselaars en verkopers uit die tempel gedryf het, en dan staan daar in vers 17 dat Sy hartstog vir Sy Vader se huis Hom verteer het. Hy was gesteld daarop om die heiligdom heilig te hou, om Sy Vader se heerlijkheid te beskerm. As jy die lyn sou deurtrek na Op 21:27 toe, dan lees ons dat daar in die Nuwe Jerusalem niemand sal wees wat iets gruweliks en vals gedoen het nie. As die tuin van Eden die ekwivalent van die Heilige van 'n eerste tempel was, dan kan ons verstaan dat solank Adam en Eva nie in sonde geval het nie, het hulle vrye toegang tot die tuin en die boom van die lewe, en selfs tot gemeenskap met die Here God, gehad – maar toe hulle in sonde val moet hulle noodgedwonge uit die tuin gedryf word, en daar moet gerubs opgestel word om God se heerlijkheid te beskerm – soos wat ons sien hulle doen in die tabernakel, in Esegël se visioen, en selfs in die hemel.

Boonop het ons gesien in die tuin van Eden was daar niks wat ekwivalent was aan die brandofferaltaar in die voorhof van die tabernakel nie. Verder was daar ook niks wat ekwivalent was aan die waskom wat ook in die voorhof gestaan het nie. Op die brandofferaltaar moes die offer gebring word vir die sondes van die volk, en die priesters moes hulle was in die waskom voor hulle in die Heilige diens mog gaan doen. Maar daar was nie iets ekwivalent aan die brandofferaltaar of waskom in die tuin van Eden nie. Daarom, toe Adam en Eva in sonde geval het moes hulle heeltemal uit die tuin gestuur word – na buite die heiligdom.

Maar, soos ons laasweek gesien het: daar was steeds die hoop op lewe. Die Here God het vir hulle velklere gegee en dit vir hulle aangetrek. Die Een uit die nageslag van die vrou sou kom, en Sy bloed sou gestort word, as't ware op die ekwivalent van die brandofferaltaar wat later wel in die tabernakel opgerig moes word. Hulle sou hulle velklere wit kon maak in die bloed van die Lam in die ekwivalent van die waskom wat ook later in die tabernakel opgerig moes word. En so sou die nageslag van die vrou weer toegang tot die Heilige verkry – waar hulle deur die werk van die Heilige Gees hierdie wit klere mag aantrek. Onthou, toe Jesus aan die kruis gesterf het, het die voorhangsel, waarop die gerubs geborduur was wat die toegang tot die Allerheiligste moes bewaak, geskeur (Mat 27:51). Gevolglik is daar nou toegang vir die nageslag van die vrou – tot in die Allerheiligste toe. En daar mag hulle aansit aan die bruilofsmaal van die Lam, geklee in hulle wit klere. Dit is niks anders as die nuwe lewende weg waarvan ons lees in Heb 10:19-20 nie: "Broers, ons het dus vrymoedigheid

deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam.”

Adam en Eva moes uit die tuin weggestuur word. Dit was enersyds nodig om die heiligdom wat die tuin verteenwoordig het, te beskerm teen onreinheid. Dit was andersyds nodig sodat hulle die geleentheid gegun kon word om opnuut van buite af deur die voorhof met sy brandofferaltaar en waskom in te kom, en om op grond van die werk van die Seun en die Heilige Gees selfs die vooruitsig te mag hê om in die Allerheiligste in te gaan. Die Here God sou dit alles bewerk. Weereens, nie al die detail is in Gen 3 nie – maar die beginpunte van hierdie lyne is wel hier.

#### Samevatting van die skeppingsverbond en die verbond met Adam

Ek wil nou 'n paar samevattende opmerkings maak oor die twee verbonde waarna ons in Gen 1-3 gekyk het: die skeppingsverbond in Gen 1-2 en die verbond met Adam in Gen 3.

Dit is so, dat die term “verbond” nêrens in hierdie hoofstukke genoem word nie. Maar ons het telkens gesien dat dit die Here God, oftewel die Verbondsgod, is wat aan die werk is in hierdie hoofstukke. Ek wil jou weer herinner aan die drie eienskappe wat O Palmer Robertson gee van 'n verbond tussen God en die mens:

- Dit moet 'n ooreenkoms wees tussen God en die mens. In al drie hoofstukke het ons gesien dat dit primêr die Here God is wat handel, ons het ook gesien dat Hy primêr met die mens handel. Ja, in die skeppingsgebeure werk God met baie meer – maar die skeppingsgebeure bou op na die klimaks met die skepping van die mens na die beeld van God. Ja, in Gen 3 is die duiwel ook 'n rolspeler – maar sy optrede lei juis tot die sondeval van die mens en daarna is die fokus hoofsaaklik op God se oordeel en die effek daarvan op die mens. Dit handel dus in hierdie hoofstukke oor ooreenkomste wat God met die mens sluit.
- God moet soewerein die ooreenkoms of verbond tot stand bring. In Gen 1 is net God aan die werk en aan die woord. Die mens is glad nie aan die woord nie. In Gen 2 is die mens net aan die woord as hy die diere name gee, en as hy in verwondering staan oor die vrou wat die Here God uit sy ribbebeen gemaak het. In Gen 3 is Eva aan die woord as sy met die duiwel onderhandel, en Adam en Eva is aan die woord as hulle aan die Here God moet verduidelik hoekom hulle skielik skaam is oor hulle naaktheid. Verder hoor ons ook net dat Adam sy vrou Eva noem na God se oordeel oor hulle. Alhoewel die duiwel die leiding neem in sy gesprek met Eva, word hy ook die onderwerp van God se oordeel later in die hoofstuk. In die oordeel oor die duiwel en die mens is net die Here God aan die woord en aan die werk. Hy is ook die Een wat aan die mens velklere gee, en wat hulle uit die tuin wegstuur. Die Here God is duidelik soewerein aan die werk in al drie hoofstukke.
- Die Here God moet die bepalings van die verbond definieer en dit moet handel oor lewe en dood. In die skeppingsverbond het ons gesien dat dit spesifiek die geval is. Dit was die Here God wat gesê het hulle moet heers, die aarde onderwerp en die tuin bewerk en bewaak. Dit was ook die Here God wat gesê het hulle moet vermeerder en die aarde vul. Dit was ook die Here God wat die sewende dag as gereelde rusdag ingestel het, en wat die bepaling oor die boom van kennis van goed en kwaad en die boom van die lewe gegee het – wat juis op óf die dood óf die lewe sou uitloop. In die verbond met Adam is dit ook die Here God wat vyandskap stel tussen Eva en die slang en tussen haar nageslag en sy nageslag. Dit is die Here God wat steeds wil dat die mens moet vermeerder en vul – al is dit dan nou deur swangerskappe en spanning in die huwelik. Dit is die Here God wat steeds wil dat Adam die aarde moet bewerk – al gaan dit nou swaar wees. Dit is die Here God wat bepaal dat die mens geestelik gesterf het en ook fisies gaan sterf. Dit is ook die Here God wat die

belofte maak van die Een uit die nageslag van die vrou wat die kop van die slang gaan vermorsel, dit is ook Hy wat aan die mens velklere gee – wat steeds die hoop op lewe en rus inhou. Dit is ook die Here God wat bepaal die mens moet uit die tuin gedryf word. Weereens bepaal die Here God die bepalings, en die bepalings handel oor lewe en dood.

Daar word ook dikwels verwys na die feit dat daar tydens 'n verbondsluiting 'n teken gegee word om die partye wat by die verbond betrokke is, te herinner aan die verbond wat gesluit is. Die bekendste tekens wat die Here tydens verbondsluitings gegee het, is seker die reënboog met die sluit van die verbond met Noag, of die besnydenis tydens die sluiting van die verbond met Abraham. Wat nou van die sluiting van die skeppingsverbond en die verbond met Adam? Ek is oortuig die twee bome in die tuin van Eden was die tekens wat Adam en Eva moes herinner aan God se skeppingsverbond met hulle. Die boom van kennis van goed en kwaad moes hulle herinner aan God wat onvoorwaardelike gehoorsaamheid verwag, en as hulle ongehoorsaam sou wees sou dit die dood tot gevolg hê. Maar daar was ook die boom van die lewe – wat die teken was wat hulle moes herinner hulle kan selfs vir ewig lewe. Wat van die verbond met Adam na die sondeval? Ek is oortuig die seilende slang wat stof eet is die teken wat die mens moet herinner aan die feit dat ons ongehoorsaam was deur te luister na die listige duiwel, maar ook dat hy stof sal eet vir die res van sy lewe en op die ou end finaal oorwin sal word. Elke keer wat ons 'n seilende slang sien, moet ons herinner word dat die duiwel finaal in die vuurpoel gegooi sal word.

As ek reg onthou was dit Graeme Goldsworthy wat geredeneer het dat as ons God se openbaringsgeskiedenis behoorlik wil verstaan moet ons voortdurend in gedagte hou dit handel oor: God's people in God's place under God's rule. Dit beteken ons moet in die verskillende dele van die openbaringsgeskiedenis spesifiek oplet na met wie God besig is om te werk op daardie stadium, waar is hierdie mense op daardie stadium, en wat is dit wat God van hulle op daardie stadium verwag. Kom ons gebruik dit om te dink oor hierdie twee verbonde:

- In die skeppingsverbond is die mens met wie God werk Adam en Eva. Maar onthou, op daardie stadium is Adam en Eva die ganse mensdom. In watter plek is Adam en Eva? Hulle woon in die tuin van Eden. En wat is hulle opdragte? Dit is die skeppingsopdragte: heers, onderwerp die aarde, bewerk en bewaak die tuin, vermeerder en vul, rus elke sewende dag, en wees onvoorwaardelik gehoorsaam aan God.
- Kom ons kyk hoe ontwikkel dit in die verbond met Adam na die sondeval. Die mense met wie God werk, is steeds Adam en Eva. Maar let op: hier kom 'n belangrike verskil. In die skeppingsverbond was hulle die ganse mensdom – maar hier in die verbond na die sondeval begin ons iets van 'n skeiding sien in die mensdom: die nageslag van die vrou versus die nageslag van die duiwel. Ja, al twee nageslagte gaan vermeerder deur swangerskappe, al twee gaan in die sweet van hulle aangesig moet eet, al twee nageslagte gaan fisies sterf. Maar die nageslag van die vrou gaan Een oplewer wat gaan oorwin, en dit is die nageslag van die vrou wat die velklere kry. Van hier af is die mensdom verdeel in die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel. In watter plek is Adam en Eva, en ook die nageslag van beide die vrou en die duiwel? Hulle is nou buite die tuin – daar waar die dorings en die dissels ook is. En wat is God se verwagting van hulle? Hulle moet steeds vermeerder en die aarde vul. Hulle moet steeds heers. Later in opvolgende verbonde sal dit duidelik word dat juis die nageslag van die vrou ook weer die opdrag sal kry om die ekwivalent van die tuin, naamlik die heiligdom, te bewerk en te bewaak. Alhoewel hier nie spesifiek na die sewende dag van rus verwys word nie, word dit later in opvolgende verbonde duidelik dat hulle steeds moet rus, en dat daardie ware rus steeds wag vir die nageslag van die vrou. Netso

word dit later duidelik dat God steeds onvoorwaardelike gehoorsaamheid verwag van die nageslag van die vrou.

Ons sien dus dat daar ontwikkeling is van die skeppingsverbond na die verbond met Adam. 'n Ander groot ontwikkeling is natuurlik dat die skeppingsverbond 'n werksverbond was, terwyl die verbond met Adam 'n genadeverbond is. Ek het dit al redelik in detail bespreek en brei nie weer daarop uit nie.

Kom ons probeer die essensie van hierdie twee verbonde saamvat. Uit die skeppingsverbond weet ons wat God se ideaal is met die skepping en ook die rol van die mensdom in die bereiking van hierdie ideaal. Die Here God wil dat die mensdom sal vermeerder, deur hulle huwelikke, en sodoende die aarde sal vul. Intussen verwag die Here God dat hulle hard sal werk. Hulle moet heers oor die diere, hulle moet die tuin bewerk en bewaak, en hulle moet ook die tuin uitbrei deur die aarde te onderwerp – tot die hele aarde ook deel van die tuin is. Intussen moet hulle gereeld rus en hulle verlustig in die rus wat op hulle wag as hulle taak voltooi is. En in dit alles moet hulle onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan die Here God.

Na die sondeval, rig die Here God die verbond met Adam op. Uit hierdie verbond word dit duidelik dat sonde ernstig is – gevolglik is daar nou afstand tussen God en die mens, en die mens word uit die tuin weggestuur. God se verwagting van die mens bly egter dieselfde. Hulle moet steeds vermeerder en die aarde vul. Hulle moet ook steeds heers. En wat so erg is, is dat die uitvoer van hierdie opdragte nou selfs met swaarkry gepaard sal gaan. Boonop het die mens met die sondeval bewys dat hulle nie eens onder die gunstige toestande in die tuin gehoorsaam kon wees aan die Here God se ideaal nie. Die gevolg is dat die Here God die verantwoordelikheid op Homself neem. Hy onderneem om Een uit die nageslag van die vrou te stuur wat eventueel die duiwel heeltemal sal oorwin – dit sal die wortel van die sonde aanspreek. Hy onderneem ook om 'n pad te loop met ten minste 'n deel van die mensdom – die nageslag van die vrou. Tussen hierdie mense en die duiwel stel Hy vyandskap, en vir hierdie mense gee Hy velklere – wat 'n voorloper is van die wit klere, oftewel regverdige dade, wat Hy vir hulle later deur Sy Seun en die Heilige Gees sal bewerk. Daar is dus hoop op lewe vir hierdie mense, en Hy gaan hulle medewerkers maak in die bereiking van Sy ideaal met die ganse skepping en ook met hulle.

Ek hoop die ontwikkeling wat in hierdie eerste drie hoofstukke van die Bybel plaasvind is duidelik. Ek hoop ook dat soos wat ons vorder in ons bestudering van Genesis sal die verdere ontwikkeling ook duidelik wees, en dat ons sal raaksien hoe die Here God geleidelik al hoe meer detail byvoeg – tot ons 'n hoogtepunt bereik met die instelling van die nuwe verbond wanneer Jesus kom.